# Die Lewende Kerk



# Bergbron Gemeente

*Omgee-gemeente, gesalf vir genesing en bevryding*

*Sondag 24 Julie 2016*

## Baie Welkom by ons Erediens!

www.bergbron.org.za

## Erediens

Vandag se erediens word gelei deur ds Stephan Briel

Lees: Joh 8: 1-11.

Fokus: Joh 8: 10-11.

**Pasop om 'n Fariseër te wees!**

## Omgee:

- Hendrik Fritz sterk nog aan in Clayton House.
- Alicia Heyneke se pa is skielik laas Saterdag oorlede.
- Juanita Truter se sussie Tanya is kritiek met kanker.

## Offergawes:◊

Offergawes: 'D' gemerk: vir behoeftiges.Ongemerk: instandhouding v/d erediens.

## Afkondigings:☼

- **Aanderedienste** begin weer vandag om 17:30.

- **Kursusse en seminare** vir hierdie kwartaal: 29-31 Julie Oorwinnaars GK Linden; 13 Augustus Heilige Gees Seminaar GK Linden; 19-20 Augustus FFI Finansies Bergbron; 26-27 Augustus Oorwinnaars vir Kinders Bergbron; 2-4 September Victory in Jesus Christ GK Meadowlands; 16-18 September Oorwinnaars Nelspruit; 23-25 September Oorwinnaars Reitz.
- **Arthur en Lettie van Niekerk** word vandag **bevestig** as diakens. Mag die Heilige Gees hulle toerus en bekwaam maak vir hulle dienswerk in die gemeente.
- **Tee/koffie skinkbeurte** – **vandag** skink Groep 2: Elma, Karla, Annamie en Hilda. Volgende Sondag is dit Groep 3, Sue, Elize en Kinnie, se beurt.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, kantoor@bergbron.org.za of sms na 072 651 8286).

# Jy kan Help

- Diakens vra: Komberse en tweedehandse klere – gee vir Carel Cornelissen

# Gebed: Voorbidding...

"Imke het reeds 10 keer chemo gekry, waarvan die laaste paar baie sterk was. Sy voel tans baie pap. Haar plaatjietelling is baie laag en witbloedtelling is 0.04
Dit is 'n belewenis om te sien hoe Vader God mense oprig om hulle te ondersteun, te bemoedig en ook help fondse insamel. Ons gee Hom die eer daarvoor. SA is aan die bid en betrokke."
Hulle het tans bykans die helfte van die bedrag wat nodig is ingesamel. Haar kans op oorlewing met behandeling in SA is 20% en met behandeling in VSA 60%. Mag God dit 100% maak. Kom ons bly in gebed vir hierdie kosbare dogtertjie en haar ouers.

# Toerusting: Teen die Gety – Die sleutelmag van die gelowige- Gebruik jou sleutelmag! *Deel 1*

*Gedeeltes aangehaal uit die boek, Teen die Gety, van Dr. Bennie Mostert. Uitgegee deur Christelike Uitgewersmaatskappy, Vereeniging.*

**1. Die gesagsposisie en ons sleutelmag (Matt.16:19; Matt.18:18)**

In hierdie twee teksgedeeltes staan daar : Alles wat julle op die aarde bind (toesluit), sal in die hemel gebonde wees (toegesluit) wees; en alles wat julle op die aarde ontbind (oopsluit) sal in die hemel ontbonde (oopgesluit) wees. Dit is die sleutelmag wat Jesus aan die kerk in besonder, maar ook aan individuele gelowiges gegee het. As gelowiges het ons die outoriteit om in die Naam van Jesus te bind en te ontbind. Ongelukkig gebruik die kerk nie altyd hierdie sleutelmag soos en waar sy moet nie. Indien ons nie ons sleutelmag gebruik nie, hou die duiwel eenvoudig aan met werk en bly mense in die duisternis. Kyk veral na die volgende teksgedeeltes in die OAV: Matt. 12:29; Luk. 10:17-20; Openb.3:7
Uit die gedeeltes is dit duidelik dat ons die Satan se werkinge in die Naam van Jesus moet bind.
Daarmee saam gaan ons tweede aksie, nl.dat die persoon ontbind moet word in die naam van Jesus, sodat hy vry kan wees om die wil van God te doen. Dit is dus 'n

dubbele handeling! Iemand het dit so gestel – "*Thus to bind and to losen is not praying but rather executing a commission, with the authority of the Holy Spirit of the risen Lord*"

**2. Matt. 16:13 – 20 Die begrippe bind en ontbind**
Daar is min intersessors wat nie die begrippe *bind* en *ontbind* ken nie. Die sleutelmag wat Jesus aan die kerk gegee het kom in Matt. 16:13-20 voor. Die geografiese konteks is belangrik om die volle omvang te verstaan wat Jesus hier vir die dissipels probeer duidelik maak. Jesus neem sy dissipels na Sesarea-Filippi. Waarom daarheen. Sesarea-Filippi is in die verre noorde van Galilea aan die voetheuwels van die berg Hermon geleë. By die voet van die berg kom 'n stroom water uit wat die mees oostelike ontstaansrivier en beginpunt van die Jordaan is. Hier in Sesarea-Filippi was die tempel van die Romeinse hoofgod Zeus, die Kanaänitiese hoofgod Baäl en die Griekse god Pan (god van die natuur). Die grot waar hierdie stroom water aan die voet van die berg Hermon uitkom, was 'n soort "allerheiligste", 'n vesting van Pan, Baäl en Zeus. Hier in die rotsgrot met 'n stroom water het Satan vir hom 'n vesting opgerig.

**3. Die Rots versus rotse.**
In die antieke godsdienste was die aanbidding van afgode sterk gekoppel met die aanbidding van rotse.Die gode het hulleself dikwels in die berge en rotse gevestig as 'n erkenning van krag. Dit is hoekom God die Vader en ook Jesus met die begrip rots werk en in die verstaanswêreld van die antieke mense openbaar God Hom as die Rots. Die hele konteks van Deut.32: 15-32 verduidelik hoe Israel vir God, hulle Rots, verlaat het en demone (vers 17), ander rotse begin aanbid het. Ander skrifgedeeltes is Psalm 91: 1-2; Psalm 31:3; Psalm 61:3 en so kan ons aangaan. Dit is in hierdie konteks wat Jesus vir sy dissipels vra: "Wie sê die mense is Ek?" God openbaar aan Petrus dat Jesus die Messias van God is. Wanneer Jesus na hierdie rots, die rots en water in Sesarea-Filippi kyk, sê Hy vir Petrus: "Jy is Petrus (petros - klippie) en *op hierdie rots (petra - 'n groot rots soos 'n fondasiesteen) sal Ek my kerk bou, en die magte van van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.*" (Matt. 16:18) Ons sien dus ***petros en petra*** albei woorde beteken rots maar elkeen het 'n eie beskrywing. Jesus belowe op grond van Petrus (klippie) se belydenis tesame met ander gelowiges se gehoorsaamheid, sal Hy op die fondasiesteen van geloof die kerk bou. Jesus is nie net die Messias van God nie, Hy is ook die Rots in die Ou Testament waarmee die dissipels goed vertroud was. Jesus verwys na Homself as die Rots in teenstelling met die rots waar Zeus, Pan en Baäl aanbid word.
Na aanleiding van bogenoemde bespreking is Matt. 27:51 baie interessant. Daar word beskryf wat gebeur het die oomblik toe Jesus aan die kruis gesterf het: *Op daardie oomblik het die voorhangsel van die tempel van bo tot onder middeldeur geskeur. Die aarde het geskud en die rotes het uitmekaar gebars.*
Bennie skryf dat hy glo die geestelike betekenis van laasgenoemde is o.a. dat die magte van die hel 'n vernietigende nekslag toegedien is. (*Deel 2 volg 31/07*)

# Wil jy by die gemeente aansluit?

Vul asseblief 'n **pienk vorm** in - op die tafel by die deur. Bel ds. Stephan(011 477 2133 of 082 253 3029) of vir Ankie by die kerkkantoor(011 673 9705).

# Lekker verjaar ...!🕯

Verjaardae in die week:

| | | |
|---|---|---|
| 25/07 | FRANCOIS KRUGER | 082 777 0632 |
| 28/07 | LIZÉ VAN DE VYVER | 082 872 6873 |
| 30/07 | ALDA VAN DE VYVER | 082 872 6873 |

# Mag die Here jou oorvloedig seën

# Die Lewende Woord vir Jou Vandag 🕮

Prediker: Ds. Stephan Briel

Lees: Joh 8: 1-11.
Fokus: Joh 8: 10-11.
**Pasop om 'n Fariseër te wees!**

- Reëls word belangriker as mense.
- Jou siening word God se siening.
- Jou sondes probeer bedek met uiterlike wetsonderhouding.
- Jesus keur nie die sonde goed nie, maar behou die sondaar (v 11).

**Vir nadenke en gesprek by selgroepe en huisgodsdiens:**

- Waarom kan ons vandag ook maklik soos Fariseërs word?
- Verduidelik die kenmerke van 'n Fariseër.
- Hoe hanteer Jesus sondaars?

# Bergbron besonderhede

**Bergbron webwerf:** www.bergbron.org.za

Ds. Stephan Briel – herder en leraar: 011 477 2133, 082 253 3029, stephan@bergbron.org.za

Pastor Gordon Calmeyer – assists with ministry and pastoral care: 011 672 1219, 076 867 3125, zooch234@gmail.com

Musiekdiensgroep – vakant (kontak ds Stephan of kerkkantoor)

Jeug – Vernon Fortune: 071 217 7792, vernonfor.vf@gmail.com

Gebedsgroep – Gerhard en Susan Botha 083 537 9770

Berading – Marietjie Volschenk 082 602 3023

**Bankbesonderhede**: Gereformeerde Gemeente Bergbron, ABSA Parktown, rek. 180 350 349

Kantoorure: Dins, Do en Vrydae van 09:00 tot 13:00. Tel. 011 673 9705 **kantoor@bergbron.org.za**

**Diakens**: kontak Carel Cornelissen: 083 717 0003.

**Ouderlinge:** Wesley Abourizk 083 440 2782; Pieter de Klerk 082 464 9480; Jacques Moolman 072 277 0036; Fanie Olivier 079 710 2344; Willie Volschenk 082 777 7734.